### *Die menslike en die goddelike van JaHshua*

**38** Toe rig Cyrenius hom tot beide **engele** en vra hulle hoe dit dan moontlik was. Maar hulle wys met hul hemelsmooie hande baie eerbiedig na My en sê met heldere en welluidende stemme: "Sy wil is ons bestaan, ons krag en ons snelheid! Uit onsself kan ons niks doen nie; as Hy wil, neem ons Sy wil in ons op, en kan dan daardeur alles doen. Ons skoonheid, wat nou al u aandag opeis, is ons liefde tot Hom, en hierdie liefde is niks anders as Sy wil in ons nie! As u egter net soos ons wil word, neem dan Sy lewende Woord in u hart op en volg dit vrywillig, dan sal u daardeur ook net soos ons die almagtige Krag en Sterkte van Sy woord in u hê. As Hy u dan sal roep om na Sy wil te handel, dan sal alle dinge moontlik wees, en u sal meer kan doen as ons, omdat u geheel en al uit Sy liefde ontstaan het, terwyl ons slegs nog maar uit Sy wysheid voortkom. - Nou weet u hoe maklik ons dit, wat u so verbaas het, kon gedoen het. Handel in die toekoms heeltemal volgens Sy woord, dan sal wonderbaarlike dinge ook vir u heeltemal moontlik wees!"

[2] Nou sê **Cyrenius** met groot oë: "Dus het ek dan tog gelyk as ek JaHshua beskou as die enige God en Skepper van die wêreld!?"

[3] **Die Engele** sê: "U het wel gelyk, maar sê dit nie so hard nie! En as u Hom menslik vind, vererg u dan nie; want al die menslike sou nie menslik wees as dit nie in alle ewigheid voorheen goddelik was nie. As Hy Hom daarom vir tyd en wyl volgens u bekende en gewone maniere gedra, dan gedra Hy Hom nie op `n manier wat vir Hom onwaardig is nie; want elke vorm, elke gedagte was eers in Hom voordat Hy deur Sy wil `n vrye wil wat buite Hom bestaan het, begin aanneem en gevorm het. **Daar is in die oneindigheid geen voorwerp en geen wese wat nie uit Hom voortgekom het nie.** Hierdie aarde en alles wat in en op haar leef, is niks anders as Sy ewige, onveranderlike vasgehoue gedagte, wat deur Sy woord werklikheid geword het nie. As Hy hierdie werklike gedagte nou in Sy gemoed en wil sou laat val, iets wat vir Hom glad geen moeite sou wees nie, dan sou daar op dieselfde oomblik ook geen aarde meer wees nie en alles daarin en daarop sou haar vernietigende lot deel.

[4] Maar die wil van die Meester is nie soos die wil van `n mens wat jammerlik genoeg, vandag so en môre anders is nie. Die wil van die Meester is vir ewig dieselfde en niks kan hierdie binne die reeds eeue bestaande orde verander nie; maar tog heers daar binne hierdie orde die grootste vryheid en die Meester kan doen wat Hy wil, soos ook elke engel en elke mens. Dat dit so is sal u aan u eie wese en aan duisend ander verskynsels ontdek.

[5] U kan binne u persoonlike eie vorm doen wat u wil; slegs u wil is die enigste wat u daarby sal kan verhinder. Maar die persoonlike eie vorm self is beslis nie te verander nie, omdat dit in die vaste goddelike orde tuishoort.

[6] Ook kan u die uiterlike van die aarde aanmerklik verander; u kan berge laat afgrawe, riviere verlê, mere drooglê, en vir nuwe mere beddings laat grawe; u kan oor seë brûe bou en die woestyn met vlyt en moeite omvorm tot geseënde en vrugbare grond, kortom, u kan ontelbare veranderinge aanbring op die aarde; - maar u kan die dag geen sekonde langer, en die nag geen sekonde korter maak nie, en u kan die winde en die storms nie beheer nie.

[7] Die winter moet u verdra, en die hitte van die somer moet u duld, en u kan geen enkele skepsel, ondanks u wil, `n ander vorm en aard gee nie. Uit die lam sal u in ewigheid geen leeu, en uit die leeu in ewigheid geen lam verkry nie. Weet u, dit is alweer Elohim se vaste orde waarbinne u wel `n groot vryheid van handeling gegee is, ofskoon u die grense van die eintlike orde van Elohim geen haarbreedte kan versit nie.

[8] Maar hier by u is dié Een wat hierdie orde vir ewig gevestig het, en die enigste Een wat in staat is om haar weer op te hef, as Hy dit wil. Net soos wat u nou binne hierdie vaste orde van Elohim is, wat in die eerste plek die basis van u bestaan is en die bestaan is van alles wat u omring, tog vry is om te dink, te wil en te handel, so is die Meester nog vryer en Hy kan doen wat Hy wil.

[9] Daarom sê ons u weereens: Vererg u nie as die Meester Hom in u teenwoordigheid as mens gedra nie, want die vorm het uit Homself voortgekom."

### *Engele se woorde in die hart*

**39** Toe **Cyrenius** hierdie verklaring van beide engele hoor, oortuig dit hom en hy raai nie meer of Ek wel `n hoër wese is nie, maar hy sê nou vir homself: "Ja, HY IS !" Daarop kom hy heel eerbiedig na My toe en sê: "Meester, nou is alles vir my duidelik! U IS HY!

[2] My hart het dit reeds lankal vir my gesê, maar dan sê ek maar steeds weer; U menslike gedaante en bewegings laat telkens my geloof wankel. Maar nou het al my verborge twyfel uit my gemoed verdwyn en nou kan gebeur wat wil, my geloof sal so vas soos `n rots staan. O, hoe ontelbaar geseënd is ek dat my liggaamlike oog nou My Skepper kan

sien, Hy, wat my in die lewe hou en ewig in die lewe sal hou!"

[3] **Ek** sê: "Liewe vriend, wat jy nou het, sal jy vir ewig behou! Maar hou dit voorlopig vir jouself en vir `n paar van jou intiemste vriende, want as jy daaroor openlik sou praat, dan sou jy My saak, en daardeur die mense, meer skaad as help! Dink daaraan dat jy jou nie vererg as jy hier of daar die menslike aan My ontdek nie, want EK IS voor engele of mense was, en was voor alle ewigheid reeds die eerste mens, en daarom het Ek regtig wel die reg om te midde van My geskape mense ook Mens te bly!"

[4] **Cyrenius** sê: "Doen wat U wil, U bly tog ewig onveranderlik. Dié Een wat U nou sonder enige twyfel vir my is! Maar hierdie twee engele sou ek graag tot aan my aardse lewenseinde by my wil hou! Hulle is so besonder mooi, vriendelik en wys!"

[5] **Ek** sê: "Dit is nie moontlik nie, want jy sou hul sigbare, persoonlike aanwesigheid nie kon verdra nie, en dit sou geen nut vir jou siel hê nie. Maar onsigbaar vir jou aardse sintuie sal hulle voortaan jou beskermers bly, soos wat hulle dit vanaf jou geboorte reeds was. Jy kan nou egter, omdat hulle gedurende hierdie dag hier sigbaar aanwesig moet wees, nog `n geruime tyd in hul geselskap bly.

[6] Maar ook as jy hulle nie sien nie, kan jy met hulle praat, en alles vir hulle vra, en dan sal hulle hul antwoord in jou hart kenbaar maak, wat jy altyd in jou hart sal hoor as `n duidelik uitgesproke gedagte. En dit is beter as die uiterlike gesproke woord! Ek sê vir jou: Een woord wat `n engel in jou eie hart gegee het, is vir jou siel heilsamer as `n duisend woorde wat die oor van buite af gehoor het! Want wat jy in die hart hoor, is al van jou; wat jy egter van buite af hoor, moet jy eerstens nog jou eie maak deur die waarmaak van die gehoorde woorde.

[7] Want as jy die Woord in jou hart het, terwyl jy uitwendig tog nog so nou en dan sondig, doen jou hart nie daaraan mee nie, en dwing jou weldra tot **die besef van die sonde en die berou daaroor, en daardeur is jy geen sondaar meer nie**. As jy egter die woord nie in die hart het nie, maar slegs in die kop het waar dit deur die oor ingebring is, en jy sondig dan, dan sondig die leë hart saam en dwing jou nie tot die besef van die sonde, of die berou daaroor nie, en die sonde bly in jou, en jy maak jou skuldig voor Elohim en die mense!

[8] Daarom vriend, is dit beter vir jou om jou geestelike beskermers nie te sien solank jy in jou liggaam moet bly nie. As jy egter eendag die liggaam sal verlaat, dan sal jy hulle sonder meer ewig as geeste kan sien en aanraak - nie slegs hierdie twee nie, maar ontelbaar baie."

[9] **Cyrenius** sê: "Ek is alweer selfvoldaan, maar ek wil vandag geheel en al op `n hoë geestelike toestand met hulle verkeer!"

[10] **Ek** sê: "Maar hoe moet dit dan? Jy het tog in My Naam gesweer om die hardvogtige en roofsugtige fariseërs `n skerpe berisping te gee; dan sal jy vanmiddag tog nie in die geselskap van albei die engele kan wees nie!?"

[11] **Cyrenius** sê: "Ja waaragtig, dit het ek byna heeltemal vergeet! Eer, eer, dit kom my nou wel heel ongeleë te pas! Wat moet ek daaraan doen?"

[12] **Ek** sê: "Wat sou jy daarvan sê as Ek jou van jou eed ontslaan, as jy heeltemal daarvan sou afsien om die fariseërs hulle verdiende berisping te gee, omdat hulle jou dreigement van gister tog al goed verwerk het?"

[13] **Cyrenius** sê: "Meester, as U dit wil, dan ontslaan ek hulle heel graag van die voorgenome berisping, en laat alles aan U en die ou Roban oor, wat hulle oor `n paar dae wel op die regte pad sal bring."

[14] **Ek** sê: "O, daarop het Ek allermins iets teë! Want daarom het Ek jou plan met die fariseërs al na die middag verskuif, omdat Ek maar al te goed geweet het dat jy baie gou iets anders sou beplan. Maar omdat dit vandag sulke mooi weer is, gaan ons nou na die see om vis te vang vir vanmiddag en vanaand. Laat diegene wat wil saamgaan, opstaan!"